# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**May / Mei 2020**







*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index

Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Vertellings van my vriend Jan Helberg
Christo Munnik 4
Duiwedag by Rob Lombaard - Cyril Jasper 5
Fancy Pigeons - Simon Jordaan 7
Waaruit bestaan 'n huis berig geskryf deur
wyle Wynand Wessels 9
Dilute in Pigeons - Simon Jordaan 11
Birmingham Roller whatsapp skou
Attie van Aswegen 14
Birmingham Roller whatsapp skou
Christo Munnik 14
Mookeeklub virtuele skou
Ds Hennie Hattingh 19
Scoreboard and Rules 20

## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| W042 | Gert Venter | 03-Jun |
| G002 | André Bruwer | 04-Jun |
| B015 | Wikus van Niekerk | 05-Jun |
| B088 | Carla Burger | 10-Jun |
| C027 | Charl Naudé | 12-Jun |
| N045 | Jason Ward | 12-Jun |
| B021 | Kobus Nel | 13-Jun |
| K016 | Hannah Shrosbee | 13-Jun |
| K050 | Quentin Oosthuyzen | 13-Jun |
| B080 | Jaco Fick | 14-Jun |
| H003 | Pierre le Roux | 15-Jun |
| H034 | Jannie van der Heever | 17-Jun |
| K027 | Danie Strydom | 17-Jun |
| H012 | Nico Nortjé | 19-Jun |
| C020 | Christo Dippenaar | 20-Jun |
| N011 | Sheldon Armstrong | 23-Jun |
| H037 | Henri Van Reenen | 25-Jun |
| C062 | Wim van Rensburg | 26-Jun |
| H038 | Christo J van Vuuren | 27-Jun |
| C048 | Rudolf Combrinck | 28-Jun |

## Ill members

***Elsabé vd Walt van die Vrystaat streek het 'n oprasie aan haar voet gehad ons wens haar alle sterkte toe.***
***Tommy Dickson van Oostelike Provinsie streek moet 'n hartomlyning kry maar sukkel met sy longe hou hom in julle gebede asseblief***

# Gotcha!!!!



***Wat was nou so lank Jan!!!!***

## Nuwe lede / New members

B089 Corrie Oosthuizen
9 Moorhen road, Helikon Park,
Randfontein 1759
Sel: 076 889 4199

K057 Gerrit de Beer
PO Box 2454 Port Alfred 6170
Tel: 046 624 3684

K058 Phemelelo Maduwa
24 Bantom road Uitenhage 6442
Sel: 078 516 0327

V057 Willem Nel
Posbus 34789, Faunasig, Bloemfontein
9301
Sel: 084 247 0238

## Deaths

***Angela Botha wife of Johan Botha from Port Elizabeth died on 1st of April 2020 please keep Johan and his daughters in your prayers please***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**National Editor**

**Cora Munnik**

Ek hoop almal van julle is gesond en wel in hierdie grendeltyd en dat julle julself mooi oppas.

Dit is jammer dat hierdie virus ons land moes inval net voor die skou seisoen en al ons skoue in die slag moes bly. Gelukkig het almal nie in sak en as gaan sit nie maar net aangegaan. Ek is nogal bly vir hierdie grendeltyd want baie dinge wat altyd agterwee gebly het kon nou aandag kry en talle take kan nou voltooi word.

Ek het nogal agtergekom die manne is ook erg besig op die whatsApp groepe en kort voor lank beplan die Rollergroep 'n skou en daar word so vir 'n week lank geskou. Daar was 286 inskrywings vir die skou en almal het 'n kans gekry om hulle keuses ook deur te gee.

Hierdie skou was nog aan die gang toe word Christo deur die Mookeeklub gevra of hy hulle duiwe sal beoordeel as hulle 'n virtuele skou gaan doen en hy het ingestem. Hulle skou het 15 inskrywings gehad.

Soos julle weet het daar toe nog 'n skou plaasgevind nadat Chris de Bruin gevra het of Harry sal help met die inskrywings, aangesien hy die Rollerskou hanteer het.Hierdie skou het 581 inskrywings ontvang en dit het ook goed afgeloop. Daar sal in die volgende uitgawe 'n volledige verslag hieroor wees. Baie dankie aan almal wat aan hierdie drie skoue deelgeneem het en so bietjie opwinding aan die grendeltyd verskaf het.

Ons moet maar almal vasbyt en as ons dalk gou weer kan rondbeweeg is daar dalk nog weer 'n skou of twee, maar terwyl julle nou so tuis is moet julle maar werk aan 'n paar artikels en vir my aanstuur.




*Birmingham Roller Vertoners Klub*



*President*
*Christo Munnik*
*e-mail:*
*cora.christo@gmail.com*
*Sel:*
*076 391 5800*

*Sekretaris*
*Attie van Aswegen*
*e-mail:*
*attievanaswegen@gmail.com*
*Sel:*
*082 411 8483*




## Advertisement Costs

**Businesses and non SAFPA members**

**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**

**SAFPA members R100 - Quarter page**

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



## *Vertellings van my vriend Jan Helberg*

***Ingestuur deur Christo Munnik***

My oorlede pa het my altyd geleer tydelik word permanent so as jy iets doen, doen dit oordentlik.

So grawe ek toe nou gate om pale te plant. My pa het my mos nou mooi geleer en hulle word tot net duskant die watertafel gegrawe.

Hier by 2uur in die oggend is dit tyd vir woef om 'n draai te gaan loop. Nou kyk, liefie het meeste van die tyd vir die kinders opgestaan so nou is dit my werk om vir woef op te staan. My vonnis is baie langer as liefie sin want woef is nou al goed gevorder in jare.

Woef is teen die tyd nou al heeltemal doof, vol rumatiek en die sig is ook nie meer van die beste nie. Hierdie nagtelike ekskursie bly egter nog steeds 'n nougesette ritueel. Elke grassie moet aan geruik word om met militere presisie vas te stel watter een water nodig het. As die grassie minder (of is dit nou meer?) gelukkig is dan word dit gebombardeer.

Die volgende dag is dit my verantwoordelikheid om die bomme onskadelik te stel. Die kinders het destyds plegtig onderneem om die bomme te ontruim as ons 'n hond kan kry maar nou ja, die onderneming is nie 'n dag langer as 'n week gestand gedoen nie.

Na die ritueel word daar nou heen en weer oor die erf gehardloop. Hoekom weet ek ook nie maar dit is mos maar wat 'n Jack Russell doen. Woef is teen hierdie tyd ook al heel hees geblaf vir die muisvoels wat haar en liefie se aardsvyande is.

Nou kyk, daardie tyd van die oggend, met die koeligheid in die lug, is daar nie 'n manier dat ek in my nagkabaai saam met woef uitgaan om oor die ritueel toesig te hou nie. Om te roep help ook niks want soos Stefaans Stofsuier se hond Roof is sy ook al jare doof.

So los ek die kombuisdeur net groot genoeg oop sodat sy kan inkom. Die veiligheidshek het 'n opening vir haar kom en gaan en ek sit die alarm aan om ons sodoende bietjie veiliger te laat voel.

Met dit alles gedoen skuif ek weer in die kooi agter liefie se ruggie in. Toe ek nou mooi in droomland is pomp liefie my in die ribbes. Sy hoor woef iewers blaf.

Kyk, dis nou 'n deurmekaarspul as jy so van droomland na die hede teruggeroep word. Eers gryp ek die knuppel om so bietjie aan die indringer se voorkoms te werk, toe besef ek die alarm het nog nie die teenwoordigheid van die indringer bekend gemaak nie. Stadig kom my gedagtes in trurat en onthou ek dat woef laas 'n draai gaan loop het.

Nou moet ek in my nagkabaai gaan ondersoek instel. In die halfskemer met al die sekuriteitsligte volg ek die hees blaffie en soek na woef. Maar ek




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

sien niks. Die koel luggie verdryf vinnig die laaste bietjie slaap en daar in die gat sien ek kort kort ‘n wit ding soos ‘n kameelperd wat uit ‘n slaggat op ons nasionale paaie probeer kom.

Toe besef ek woef het met haar nagtelike eskepades in die gat geval wat nie die vorige dag daar was nie. Ek voltooi toe die reddingsekspedisie en skuif weer agter liefie se ruggie in.

Vandag sal ek dit maar rustig vat want ek het nie my nodige nagrus gehad nie. Miskien moet ek maar aangaan om die motorhuis reg te pak en terwyl ek daar besig is kan ek sommer kyk of alles met die woonwa se dak nog reg is.





## Duiwedag by Rob Lombaard

Cyril Jasper

Die duiwedag op 8 Februarie aan huis van Rob Lombard was ‘n reuse sukses.

Norwich Kroppers is bespreek onder leiding van Renier Lee. Hy het baie klem gelê op positiewe beoordeling. Dit is soms baie maklik om aan te dui waaraan ‘n duif kort skiet. Dus negatiewe beoordeling. Dit maak egter baie meer sin om aan te dui waarom duif een beter is as duif 2. Wanneer dit op die manier met die eienaar van duif 2 bespreek word dan het hy ‘n aspek om op te konsentreer met betrekking tot sy teling van die ras. Hy verloor dan nie belangstelling nie maar sien uit na die teelseisoen om regstellings te maak. En is dit nie waaroor die teel van sierduiwe gaan nie, naamlik die strewe daarna om jou duiwe te verbeter.

Verder het hy baie klem gelê op die balans van ‘n duif en het beklemtoon dat die teler die anatomie van ‘n duif moet ken.

Daarna het Peet Botha die Holle kropper bespreek. ‘n Vraag wat gevra is, is waarom die kleiner duiwe altyd wen en baie selde indien oot ‘n groter duif. Ek weet nie of ons die veaag werklik tot bevrediging beantwoord het nie. Uit ondervinding met die beoordeling van Holle kroppers het die groter duiwe ‘n geneigdheid om effens lank te wees aan die stert kant, met die gevolg dat die ronding nie volledig is nie. Soms veroorsaak dit ook dat die duif sukkel met sy balans. Hierdie was nie op die duiwedag bespreek nie en is ‘n persoonlike opinie.

Daarna is die belangrikste aksie die interaksie van lede uitgevoer tot die bevrediging van almal teenwoordig, met ‘n lekker braai en kuier.



*Die manne luister aandagtig*



*Die skrywer van die artikel is darem self baie belangstellend en At van Jaarsveld geniet die koffie*


Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538




Desember 2019

**Ons verkoop**

*Verskeie Duiwekosse* | *Groot verskeidenheid Duiwemedisyne*

*Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe* | *Verskeidenheid Kos en Waterbakke*

**Asook**

*Voëlsade - Voëls en Visse* | *Alle Troeteldierbenodigdhede*

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Fancy Pigeons*

***From Pigeon Talk***
***Submitted by***
***Simon Jordaan***

Containing

Full directions for their breeding and management, with descriptions of every known variety, and all other information of interest or use to pigeon fanciers.

Fancy Pigeons,
Chapter I.
Historical.
Egyptian Records.

Pigeons must have been domesticated at a very early period. They figure on Egyptian monuments forty-six centuries old. Mr H Villiers Stuart, MP, informs me he has seen pigeons represented on Egyptian basreliefs of the Fourth Dynasty, at least 2700 BC, though some Egyptologists put it further back. He says they occur frequently in tombs of that and the following dynasties, being represented as born in cages on the heads of slaves, or carried in their hands by the wings. He has also seen, on bas-reliefs of the Nineteenth Dynasty (about 1350 B.C.), pigeons being liberated in triumphal processions and flying away, possibly to convey intelligence of the event to the limits of the empire.
I find, in "Records of the Past" (1873), in the Annals of Thothmes III., of the Eighteenth Dynasty (about 1500 B.C.), mention made of " 258 pairs of pigeons and 5237 pigeons of another kind." It may be inferred that the former were of some special or choice description.

The Annals of Rameses III., of the Twentieth Dynasty (about 1200 B.C.). contained in the " Great Harris Papyrus, "now in the British Museum, detail his donations to the temples of Thebes, Heliopolis, Memphis, and elsewhere. Plate 8, line 10, says:" Its barns had fatted geese, its poultry yards had fowls of heaven." The domestic fowl was then unknown in Europe and Africa. The pigeon was called by the Egyptians the bird or nestling of heaven. Again, on Plate 27, line 6: "I made to thee stables containing young oxen, apartments to bring up fowls (pigeons, or birds of heaven), with geese and ducks."

Reference by Grecian Authors.

Homer (about 950 B.C.) refers sometimes to " silver " doves, as in the line Messe's towers for silver doves renowned, which may refer to albino or white pigeons, as found in almost every colony of semi-wild ones.

The carrier pigeon may have reached Greece from Egypt. Anacreon (563-478 B.C.), in his ode to it, so beautifully rendered by Thomas Moore, shows its early use there.

Socrates (469-400 B.C.) seems to refer to pigeons in his dialogue with Plato's brother Glaucon (Plato's " Republic," Book Y., chap, viii.), when he says:" ' Tell me this, Glaucon for in your house I see both sporting dogs and a great number of well-bred birds have you, by Zeus, ever attended to their pairing and bringing forth young ? '

"Glaucon. 'How?'

" Socrates. ' First of all, among these, though all be wellbred, are not some of them far better than all the rest ? '

" Glaucon. ' They are.'

"Socrates.' Do you breed, then, from all alike, or are you careful to do so, as far as possible, from the best?'




**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**




Januarie 2020




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

" Glaucon. 'From the best.' "

This passage, so pregnant with truth to the experienced breeder of all domestic animals, is the earliest record of what may be called scientific breeding, and shows the observation of one of the wisest of mankind. It refers, without any doubt, I think, to fancy pigeons; for what other birds, varying so 'much in excellence, would be kept indoors, in pairs, at that time?

Xenophon (455-355 B.C.) says, in the "Anabasis" (Book I., chap, vi.): "After these occurrences, Cyrus proceeded four days' march, a distance of twenty parasangs, to the river Chalus, which is a plethrum in breadth and full of tame fish, which the Syrians looked upon as gods, and allowed no one to hurt either them or the pigeons."

Aristotle (384-322 B.C.), in the many references he makes to pigeons in his " History of Animals," appears to have had a practical knowledge of them. He writes of them in a way that shows he had either carefully observed their habits, or got his information from an experienced fancier.

On account of its gentle nature, the pigeon has been protected in all ages. It is yet, as in Russia, and in most Mahomedan countries, considered a sacred bird. In this character, Tibullus (54-19 B.C.), the Roman poet, refers to it in his eighth Elegy: "Why need I tell how the sacred white pigeon flatters unmolested about the numerous cities of Syrian Palestine? "or, as an English poet renders it: Why need I tell how sacred through the skies Of Syrian cities, the white pigeon flies? which he doubtless learned from the works of Xenophon and others, who assert, as above, that the Syrians considered pigeons and doves sacred to their goddess A. Starte, whom the Greeks identified with Aphrodite (Venus).

Reference by Latin Authors.
The best evidence that the pigeon fancy existed in ancient times much as it does today, is found in the Natural History of Pliny (23-79 A.D.) (Book X., chap, lii.-liii.), where he says: "Many persons have quite a mania for pigeons, building houses for them on the tops of their roofs, and taking delight in relating the pedigree and noble origin of each. Of this there is an ancient instance that is very remarkable: L. Axius, a Roman of the Equestrian order, shortly before the civil war of Pompeius, sold a single pair for four hundred denarii (about 13), as we learn from the writings of M. Yarro (114-26 B.C.). Countries, even, have gained renown for their pigeons; it is thought that those of Campania attain the largest size."

Columella, a contemporary of Pliny, also quotes from M. Yarro as to the value of fancy pigeons, from which it appears that pairs were often sold at about 8, and occasionally for four times as much.

The use of domestic pigeons in time of war, to enable the inhabitants of besieged towns to communicate with their friends outside, was known at this period, as we learn from Pliny, who states that they were so employed at the siege of Modena (43 B.C.). Since then they have been often employed in like manner, as I shall mention hereafter.

Juvenal (3-83 A.D.), the Roman poet, refers to the keeping of pigeons in the garrets of Rome, just as they are kept today by fanciers in all large towns. Describing a fire in the city, he says: For if the lowest floors already burn, Cock lofts and garrets soon will take their turn, where thy tame pigeons next the tiles were bred, which, in their nests unsafe, are timely fled.



**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**
**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

From this period there is not much information available on the subject till about the year 1600. Gibbon states that the Emperor Honorius (384-423 A.D.) amused himself with the rearing of “ poultry ;“ and that Charlemagne (742-814) was careful to encourage this branch of rural economy, so ably carried out by the French to the present time. He says: “I touch with reverence the laws of Charlemagne, so highly applauded by a respectable judge. They compose not a system, but a series of occasional and minute edicts, for the correction of abuses, the reformation of manners, the economy of his farms, the care of his poultry, and even the sale of his eggs.” Yataces John Ducas, Emperor of Constantinople, who reigned about the year 1250, presented a crown of diamonds and pearls to his empress, which, he informed her with a smile, had been purchased with the money derived from the sale of the eggs of his innumerable poultry.

Perhaps something of more interest to the pigeon fancier than the above might be discovered from a perusal of the edicts of Charlemagne. Gibbon relates that carrier pigeons were employed during the Crusades, at the sieges of Acre in Syria and Mansourah in Egypt.





## *Waaruit bestaan ‘n huis, en so ook die SASV*

***Die berig is jare terug deur wyle Wynand Wessels geskryf toe hy Nasionale President van die SASV was.***

***Christo Munnik***

**Plan:**
Aksie plan vir 1, 3 en 5 jaar.
**Mure:**
Lede van die SASV (Ringlede).
**Vensters:**
Die Nasionale Redakteur en Nuusbrief.
**Deure:**
Streekbestuur en SP Klubbestuur.
**Dak en balke:**
Die Nasionale Beoordelaarsbeampte en sy Forum.
**Water en ligte:**
Die Uitvoerende komitee en Dagbestuur
**Finansies:**
Die Nasionale Tesourier en die finansies.
**Perseel:**
Vaste skou fasiliteite.
**Tuin:**
Junior Lede.

### Inleiding

Alle Suksesvolle ondernemings begin by ‘n droom wat omsit in ‘n gedagtegang, verander in ‘n potloodskets en realiseer in ‘n plan oftewel ‘n bloudruk vir die toekoms.

Jy moet elke oggend wanneer jy op die perseel aankom, eerste die bloudruk uithaal om die bevele van die dag te kry waarvolgens gewerk moet word. Moet nie op jou eie probeer nie, dit gaan te duur wees as daar fout kom.

Om ‘n organisasie soos die SASV te hervorm om by vandag se behoeftes aan te pas, sê geensins dat die oorspronklike belanning nie suksesvol was nie. Ek sal eerder sê ons het gerieflikheidshalwe vergeet om elke dag ons instruksies te gaan haal by die kantoor waar die meesterplan op die tekenbord is.

My idee is soos volg, kom ons bly op die huidige pad maar stel drie ondersoek spanne saam om te gaan sit met die opdrag; Beplan ‘n nuwe SASV van kop tot tone.

**Die drie spanne of selfs meer moet bestaan uit:**
Streeksbesture wat geografies naby mekaar lê waarvan die lede in soortgelyke gemeenskappe woon. Voeg by alle Spesklub besture en alle ringlede wat wil deel wees van ‘n suksesvolle SASV.

**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2019

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Die opdrag moet duidelik wees, beplan 'n heel nuwe SASV van die grond af, gebruik die kennis wat jy het van die huidige opset, vergeet mense of persone waarvan jy nie hou of mee saamstem nie, doen die werk!

Stel datums vas vir vergaderings, mintstens drie, voor die volgende AJV in elke gebied, wys 'n voorsitter of twee aan in elke gebied om die besprekings te lei. Stel 'n sakelys saam waarop gewerk moet word, sodat al die spanne dieselfde doelwitte bekyk, byvoorbeeld:

Die struktuur van die Dagbestuur van die UK.
Die struktuur van die hele UK.
Die struktuur van 'n Streeksbestuur.
Die struktuur van 'n Spesialiteits Klub.

**Gebiede/Sones.**

Streke.
Gebiedskoue en Nasionale Kampioenskapskou.
Streek uitnodigingskou vir onder andere Spesialiteits Klubs.
Grastperkskoue soos in geslote streekskou/uitnodiging en opleiding.
Bemarking van SASV - Nuusbrief Redakteur (voordele soos dagbestuur).

Junior lede.

Beginners afdeling.

Beoordelaarstelsels.

## Fasiliteite.

1. Struktuur van die SASV
1.1 Struktuur van die dagbestuur:
  1.1.1 Nasionale President.
  1.1.2 Twee Nasionale Vise-Presidente
  1.1.3 Nasionale Sekretaris.
  1.1.4 Nasionale Tesourier.
  1.1.5 Nasionale Ringmeester.
  1.1.6 Nasionale Beoordelaarsbeampte
1.2 Struktuur van die UK.
  1.2.l Dagbestuur soos in punt 1.1
  1.2.2 Streek Presidente
1.3 Struktuur van streke
  1.3.1 Soos vervat in Dagbestuur met net een Vise-President.
  1.3.2 Skoubestuurder hulp Skou bestuurder en enige ander persone nodig.
1.4 Spesklub besture.
  l.4.1 Soos dagbestuur met twee of meer Vise-Presidente vir elke sone.

2. Gebiede/Sones.
2.1 Gebiede.
  2.1.1 Sny Suid-Afrika in twee of drie sones waarby streke saam gegroepeer
word vir gebied skoue.
  2.1.2 Streke bly soos tans die geval is.

3. Skoue
3.1 Wanneer daar drie sones in Suid-Afrika is waarby streke ingelyf is, dan hou ons net drie groot skoue per jaar, 'n maand uitmekaar, waarvan een die Nasionale Kampioenskapskou sal wees. Twee van die sones hou 'n eendag skou en die ander een wat die Nasionale Kampioenskapskou aanbied 'n Donderdag en Vrydagskou waar die duiwe Saterdagoggend huistoe gaan.

3.2 Streekskoue.
Streke binne 'n sone kan nog allyd sy jaarlikse skou op een van die oop Saterdae of Vakansiedae aanbied vir sy eie toekening. Die Streek kan ook sy skou beperk tot twee of meer SP Klubs of selfs geselekteerde rasse waarvoor hy kans sien.

3.3 Grasperk skoue.
Hierdie kan duiwedae by huise wees, maar veral moet ons konsentreer op die menigte feeste wat oral aangbied word op dorpe. Hier is die grootste geleentheid wat na ons kant toe gekom het ooit en tans benut ons nie een persent daarvan nie.




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



Februarie 2019


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

4. Bemarking

4.1 Bemarking van die SASV kan deur niemand beter gedoen word as deur die Nasionale Redakteur van ons tydskrif nie, derhalwe voel ek dat die Nasionale Redakteur of Media direkteur 'n persoon moet wees wat onafhanklik opereer en nie 'n deel moet wees van die Nasionale dagbestuur nie. Bostaande maak hom/haar onafhanklik en onpartydig; hy/sy kry 'n begroting en 'n raamwerk waar binne daar gebly moet word en verder is hy vry.

Bostaande behoort in te sluit: voordele van dagbestuurslede, uitgesluit UK vergaderings wat hom/haar meer tyd sal gee, vir die gewone lid tydens die Nasionale Kampioenskapskou.

4.2 Daar moet 'n stelsel in plek kom wat afdwingbaar sal wees op wie ookal, om betyds ou lede op te volg wat nie hernu het voor 28 Februarie van elke jaar.

4.3 'n Junior lede stelsel moet behoorlik beplan word en in plek kom.

4.4 Ons moet besin op 'n "Novice"/Beginners stelsel wat hand aan hand loop met die huidige senior stelsel.

5. Beoordelaars.

5.1 Beoordelaar stelsel moet bekyk en bespreek word om ook vir nuwe beoordelaars plek te maak (novice klasse ens.)

6. Fasiliteite.

6.1 Hierdie is seker die moeilikste van alles, ek weet ons is laat, maar as jou ouers jou kos en 'n dak oor jou kop gee, of die firma waarvoor jy werk jou 'n firma motor en 'n huis waarvoor sal ek een koop.

Hierdie is my bydrae as lid van die SASV, kom ons paat daaroor.





## *Dilute in pigeons*

***From Pigeon Talk***
***Submitted by Simon Jordaan***

Dilute birds are a lighter shade than their non-dilute counterparts. Dilute affects every color but white. You can think of the effect as lightening or "diluting" whatever color and pattern the bird happens to make. In the photos below, the birds in the top row are all non-dilute. The bottom row shows the dilute counterparts to the colors and patterns shown above. Once again, the naming of the various shades is a little funny. Dilute blue is also called dun; dilute ash-red is yellow; dilute recessive red is recessive yellow; and dilute brown (not shown) is also called khaki.




**Dilute is Sex-Linked**




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

Dilute is controlled by one gene. It is located on the Z chromosome, which is one of the two sex chromosomes in birds. The other sex chromosome, called W, does not have a copy of the dilute gene. Sex chromosomes specify whether a bird is male or female.

Female pigeons have one Z chromosome and one W chromosome, so they have just one copy of the dilute gene. Male pigeons have two Z chromosomes, so they have two copies.

Because it's on a sex chromosome, the dilute gene is sex-linked. Sex-linked genes follow different patterns of inheritance in males and females.

## Alleles and Inheritance

In Pigeonetics and in the illustrations to the right, we show that the dilute gene comes in 2 different versions, or alleles: 'dilute' and 'not dilute.' 'Not dilute' is considered wild-type.

In reality, there are at least 2 additional alleles. One allele, called 'pale,' produces a henotype somewhere between dilute and non-dilute. The other allele, 'extreme dilute,' produces a phenotype even lighter than dilute.

Males have two alleles of the dilute gene. Their phenotype, or what we see, reflects the more-dominant of the two alleles. The dominance hierarchy of thedilute alleles goes from darkest to lightest: 'not dilute' is the most dominant, followed by 'pale,' 'dilute,' and finally 'extreme dilute,' which is the least dominant.

Females have just one dilute allele. That allele alone specifies their phenotype. (Note that a small, dark circle symbolizes the lack of an allele.)

Males inherit a dilute allele from each parent, and they pass one allele or the other to their sons and daughters alike.

Females always inherit their dilute allele from their fathers, and they always pass a copy to their sons. The W chromosome, which has no dilute allele for, always passes from mother to daughter.




## Genetic Linkage to Color




The dilute and colorgenes are both on the Z chromosome. The two genes are not only sex-linked, they are also close enough together to be genetically linked. Under normal circumstances, two genes are considered genetically linked when they are separated by arecombination event less than 50% of the time. (Unlinked genes are inherited separately exactly 50% of the time). Because dilute and color are also sex-linked, recombination happens only in males (top left). Since females have just one Z chromosome, there's nothing for it to recombine with (bottom left). When a mother passes a Z chromosome to her son, it's an exact copy of her own Z chromosome. This complication leads to some tricky problems in Pigeonetics.

## Genes and Interactions

The dilute gene influences recessive red, spread, color, and pattern—all the feather color characteristics that are included in the game Pigeonetics. While all of these characteristics are controlled by seperate genes, the genes (or the proteins they encode) all interact in cellular pathways that synthesize and distribute pigment molecules called melanins.

It's helpful to think of these genes as interacting in a process like an assembly line. As shown below,

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

the genes toward the left work on earlier steps in the process, and the genes toward the right work on later steps. While dilute doesn't hide the characteristics to the right of it (that is, epistatically, the way spread covers pattern), it still affects them by dialing down the amount of melanin that's made.

Color and pattern variation in pigeons is a great example that shows how genes work together to generate diversity. For example pigeons can have 4 different wing patterns. When we multiply this by the 3 colors, we get birds with 12 different color/pattern combinations. Dilute doubles the diversity to 24: each color/pattern combination can be either dilute or non-dilute. With spread and recessive red in the mix, the number of possible combinations increases to 32.

These 5 genes work in combination to make 32 different phenotypes, shown on the right




**References**

On the surface, dilute looks very simple: dilute birds make less melanin than their non-dilute counterparts. But what's going on inside the birds' cells to make this happen?

In 2014, researchers at the University of Utah identified the dilute gene asSlc45a2 (short for "solute carrier family 45 member 2"). This gene codes for a protein called SLC45A2.

The 'not dilute' allele codes for "normal" version of SLC45A2. While we don't know exactly how it works, SLC45A2 is a regulator of melanin synthesis in many animals.

The 'dilute' allele has a small DNA change that causes a change of one amino acid building block in the protein it codes for; portions of the genes and proteins are shown to the left. The one amino acid difference changes how the protein functions, making it less able to do its job.

When a bird has one 'not dilute' and one 'dilute' allele, enough of the normal SLC45A2 protein is made from the 'non dilute' allele for melanin pigment production to proceed normally. But when a bird has two 'dilute' alleles, all of its SLC45A2 protein is compromised, and the bird makes less melanin. Variations in the Slc45a2 gene decrease pigmentation in other animals too, including horses, tigers, chickens, and people.










*Skryf alles neer wat God in gebed aan jou openbaar. Kyk gereeld daarna en onthou dan dit is net deur sy genade wat jy in Hom kan groei.*

*Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word. (Heb.4:16*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Birmingham Roller Aanlyn Whatsapp Skou 'n Eerste in Suid Afrika



### So iets oor die Birmingham Roller WhatsApp skou

***Attie van Sawegen***




Op 29 Maart het ek vir Charles Botts fotos van my duiwe gestuur. Ons het bietjie gesels en hy vertel my toe dat hulle op WhatsApp skou. Nadat hy dit aan my verduidelik het, het dit vir my interessant en lekker geklink. Ek het vir Charles gevra om dit op die Birmingham Roller groep te verduidelik.

Daarna het die wiele begin rol. Harry Munnik het aangebied om die inskrywings te hanteer en Christo Munnik die beoordeling. Daar is besluit om elke keer 'n kleurklas in te skryf en te beoordeel. Die kleur wenners is dan op die groep gesit.

So het ons deur almal gegaan en Christo het die finaal gedoen nadat al die kleur wenners op die groep geplaas is. Die duiwe wat gewen het is van hoë gehalte. Daar was baie mooi Birmingham Rollers wat ingeskryf is.

Ons het lekker geskou so tussen die manne se geskerts en grappe deur. Die Birmingham Roller manne kan hulself 'n klop op die skouer gee vir hul sportmans gees en hoe die skou afgeloop het.

Dit was 'n lekker ondervinding. Iets wat ons nog nie voorheen gedoen het nie. Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het of net saam gesels het.

Dankie Harry  vir jou harde werk en Christo vir die beoordeling.
Groete.

---



### Aanlyn whatsapp Birmingham Roller skou

***Christo Munnik***

Op 31 Maart 2020 is die wiele aan die rol gesit oor die aanlyn whatsapp skou wat ons hier in Suid-Afrika wil hou na aanleiding van die gesprek tussen Attie van Aswegen en Charlie Botts van Engeland oor die tipe skou wat hulle daar hou. Daar was ongekende opgewondenheid oor die skou en almal op die Roller gesels groep het begin om planne voor te lê oor hoe die skou moet werk.

Dit het omtrent gegons oor wat moet gebeur en almal was dit toe naderhand eens dat dit as volg moet werk:

1. Op voorstel van Corrie Oosthuizen dat indien die ding van die grond af kom, Harry Munnik die inskrywings sal ontvang en die duiwe nommer soos wat hy min of meer met sy veilings twee maal per week gedoen het.

2. Dat almal wat wil deelneem aan die skou kan deelneem ongeag of hy lid is van die SASV of enige Rollerklub. Dit het dan ook so gebeur dat daar gedurende die skou meer en meer manne aangesluit het by on selfs van Rustenburg Rollerklub en

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

oral in die land. Party manne het die eerste klomp kleurklasse gemis maar het toe goed deelgeneem aan die res.

3. Almal wat deelneem kon so veel duiwe as wat hulle wou inskryf in elke kleurklas. So was daar dan tot 58 duiwe in een van die kleurklasse.

4. Nadat Harry die duiwe genommer het is die duiwe op die groep se blad gesit en almal wat wou kon sy of haar eerste drie keuses terugstuur aan Harry wat dan punte toegeken het aan die duiwe wat deur die meeste lede gekies is totdat daar drie duiwe oorgebly het.

5. Harry moes dan die drie of partymaal vier fotos aan my terug stuur sodat ek dan die duiwe sou beoordeel en aan Harry terugstuur met die beste Mannetjie, beste Wyfie en beste in die kleurklas.

6. Harry sou dan die duif wat beste in die kleurklas was in ‘n aparte lêer plaas vir beoordeling aan die einde van die skou.

Die grootste probleem wat daar met die skou was is die gehalte fotos wat geneem was en ingestuur is. Ek en Corrie Oosthuizen het ons beste probeer om te verduidelik hoe die fotos moet lyk maar ai party van die fotos kon maar net nie lekker beoordeel word nie.

Die volgende mense het deelgeneem aan die skou:

Christo Munnik - Southport
Cora Munnik - Southport
Corrie Oosthuizen - Randfontein
Nando Oosthuizen - Randfontein
Tommy Laubscher - Randfontein
Kobus Oosthuizen - Rustenburg
Harry Munnik - Hennenman
Simon Jordaan - Witrivier
Flip Koekemoer - Witrivier
Attie van Aswegen - Kroonstad
Charles Botts - Engeland
Danie Swart - Bloemhof
Faried Rajaal - Port Elizabeth
Shaun Shrosbee - Port Elizabth
Riaan Keyzer - Rustenburg
Chris vd Walt - Bloemfontein

Die volgende mense was net roofkykers en kommentators:
Hennie Cloete - Krugersdorp
Joseph Pienaar - Graaff Reinette
Hendrik Bronkhorst - Hiberdene
Frik de Beer - Krugersdorp-Wes
André Gunter - Kaapstad
Andries Cilliers - Heibron
Axell Sparks - Witpoortjie
Wim van Rensburg - Bethal
Vissie van Schalkwyk - Kaapstad

Die volgende getalle duiwe is ingeskryf deur die manne wat deelgeneem het:
Blou - 33
Rooi - 58
Tortoiseshell - 31
Grizzle enige skakering - 44
Geel - 32
Silver & Dun & Lavender - 18
Swart & Wit - 55
Almond - 15
Total - 286

Die Birmingham Roller manne was baie opgewonde oor wat hier aan die gebeur is ook omdat hulle self die kans gehad het om uit al die duiwe hulle drie beste duiwe te kon kies en te sien hoe hulle gevaar het. Van die roofkykers en kommentators het laat blyk dat hulle nie die paal haal met hulle eie keuses sommer by hulleself nie.

Dit was egter nie ons doel nie ons wou net iets anders doen en daardeur van die lede bietjie opleiding gee in die skou van die Birmingham Roller en ek dink dit het gewerk veral die neem van beter fotos wat ‘n groot probleem is by baie mense.

Ons het agter gekom dat ‘n redelike duif op ‘n goeie foto ‘n beter kans staan as ‘n goeie duif op ‘n swak foto. As ons dit kan regkry by fotograwe sal so ‘n skou baie beter resultate lewer in die toekoms want daar is deur almal besluit dat dit weer moet gebeur in die nabye toekoms.

Ek het al klaar met Harry gepraat en sal ook met al die ander deelnemers praat dat ons byvoorbeeld ‘n Kampioenskapskou waar lede beperk word tot sê maar twee duiwe in ‘n kleurklas te hou om te sien of van die lede wat sukkel die vermoë het om sy bestes uit te soek en af te neem vir die skou.

Op die volgende twee bladsye is al die wenners soos deur die lede gekies tussen al die fotos, drie Mannetjies en drie Wyfies van elke kleurklas. Ek het dan die beste duif in elke kleurklas eerste geplaas afhangende van die geslag. Ek het ook sommer die nommer en die geslag van elke duif op die foto gelos vir uitkenning.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538







National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538









































































*Sien volgende bladsy vir fotos van Kampioen duiwe*

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538







**Eienaars van die bogenoemde duiwe vanaf die Blou klas op bladsy 16 is as volg:**
Beste wyfie en beste Blou - Nando Oosthuizen
2de Blou wyfie - Harry Munnik
3de Blou wyfie - Tommie Laubscher
1ste Blou mannetjie - Charles Botts
2de Blou mannetjie - Harry Munnik
3de Blou mannetjie - Corrie Oosthuizen

Beste mannetjie en beste Rooi - Harry Munnik
2de Rooi mannetjie - Harry Munnik
3de Rooi mannetjie - Attie van Aswegen
1ste Rooi wyfie - Tommie Laubscher
2de Rooi wyfie - Corrie Oosthuizen
3de Rooi wyfie - Harry Munnik

Beste wyfie & beste Tortoiseshell - C Oosthuizen
2de Tortoiseshell wyfie - Harry Munnik
3de Tortoiseshell wyfie - Harry Munnik
1ste Tortoiseshell mannetjie - Harry Munnik
2de Tortoiseshell mannetjie - Harry Munnik
3de Tortoiseshell mannetjie - Harry Munnik

Beste wyfie en beste Grizzle - Attie van Aswegen
2de Grizzle wyfie - Corrie Oosthuizen
3de Grizzle wyfie - Harry Munnik
1ste Grizzle mannetjie - Attie van Aswegen
2de Grizzle mannetjie - Harry Munnik
3de Grizzle mannetjie - Corrie Oosthuizen

Beste mannetjie & beste Swart/Wit - N Oosthuizen
2de Swart/Wit mannetjie - Harry Munnik
3de Swart/Wit mannetjie - Harry Munnik
1ste Swart/Wit wyfie - Corrie Oosthuizen
2de Swart/Wit wyfie - Nando Oosthuizen
3de Swart/Wit wyfie Harry Munnik

Beste wyfie en beste Geel - Harry Munnik
2de Geel wyfie - Corrie Oosthuizen
3de Geel wyfie - Harry Munnik
1ste Geel mannetjie - Corrie Oosthuizen
2de Geel mannetjie - Kobus Oosthuizen
3de Geel mannetjie - Harry Munnik

Beste wyfie en beste Silver/Dun - C Oosthuizen
2de Silver/Dun/Lavender wyfie - Harry Munnik
3de Silver/Dun/Lavender wyfie - K Oosthuizen
1ste Silver/Dun/Lavender mannetjie - R Keyzer
2de Silv/Dun/Lavender mannetjie - C Oosthuizen
3de Silv/Dun/Lavender mannetjie - K Oosthuizen

Beste mannetjie en beste Almond - Harry Munnik
2de Almond mannetjie - Harry Munnik
3de Almond mannetjie - Charles Botts
1ste Almond wyfie - Danie Swart
2de Almond wyfie - Harry Munnik
3de Almond wyfie - Harry Munnik

**Top agt Birminham Rollers was as volg:**
Kampioen Birmingham Roller - Nando Oosthuizen
Res Kampioen Birmingham Roller - Harry Munnik
1ste Reserwe Kampioen - Corrie Oosthuizen
2de Reserwe Kampioen - Nando Oosthuizen
3de Reserwe Kampioen - Harry Munnik
4de Reserwe Kampioen - Attie van Aswegen
5de Reserwe Kampioen - Harry Munnik
6de Resewe Kampioen - Corrie Oosthuizen

Punte wenners was as volg:
1ste Harry Munnik - 48
2de Corrie Oosthuizen - 42
3de Nando Oosthuizen - 24
4de Attie van Aswegen - 11
5de Tommie Laubscher - 4
6de Charlie Botts - 4
7de Kobus Oosthuizen - 3
8ste Riaan Keyzer - 3
9de Danie Swart - 3



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



# Mookeeklub hou Virtuele Skou

***Hennie Hattingh***

Toe dit duidelik word dat die SASV skoue gevaar loop om in die slag te bly, het die opbetaalde lede van die Mookee-klub besluit om ‘n virtuele skou te hou. Dit was dan ook so dat al die opbetaalde lede van die Mookee-klub duiwe ingeskryf het vir Noord-Vrystaat se Jongduifskou wat toe reeds afgelas is weens die Covid19 - pandemie.

Elke lid is die geleentheid gegee om foto’s van enige drie van sy duiwe in te stuur. Ses lede het hieraan deelgeneem. Die fotos is geskommel en aan Christo Munnik gestuur vir beoordeling. Die wenners is vertoon deur:

**Eerste Plek:** Ruben Kitching



**Tweede Plek:** Ruben Kitching



**Derde Plek:** Hennie Hattingh



Om dit interessant te maak kon die lede wat ingeskryf het ook hul keuse uitoefen van watter Mookee die beste is. Dit is genoem die “Peoples Choice.” Die lid kon nie vir sy eie duif stem nie. Drie punte is gegee vir die wenduif, twee punte vir die tweede plek en een punt vir die derde plek. Die duif met die meeste punte het dan gewen en so is posisie tot by nommer drie bepaal. Hier was die wenners:

**Eerste plek:** Hennie Hattingh
**Tweede plek:** Nardus Marais
**Derde plek:** Ruben Kitching.

Dit was ‘n baie lekker geleentheid wat werklik geniet is deur die lede van die Mookee-klub en sterk aanbeveel kan word by ander klubs



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 2992 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 2836 |
| 2. | KwaZulu-Natal: | 2036 |
| 3. | Northern Freestate: | 1605 |
| 4. | Eastern Province: | 1150 |
| 5. | Eastern Region: | 1100 |
| 6. | Northern Cape: | 400 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Weskaap: | 850 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873